Name is vir ons belangrik, maar name het nie altyd soveel betekenis in ons tyd nie.

In die Ou Nabye Ooste was dit anders. Name het getel. Name was destyds baie belangrik omdat daar geglo is dat die karakter van 'n persoon intiem met sy naam verweef is. ’n Naam was die uitdrukking van ’n persoon se diepste wese.
In baie gevalle het name byna soos titels vandag gefunksioneer. Dokter, dominee, boer, verkoopsman of -vrou, meneer en juffrou by ‘n skool sê onmiddellik 'n hele klomp dinge oor die betrokke persoon. Dit sê iets oor ‘n persoon se belangstellings, opleiding, wat hy of sy doen, waar hul dit doen ens.

Ook in die tyd van die Bybel het jou naam iets gesê van wie jy is.

In die kerkjaar is ons nou in die tyd van Epifanie wat beteken: “God se verskyning.” Dit is asof Johannes vanoggend saam met Jesus by ons instap en Hom aan ons “laat verskyn” met ‘n hele paar name.
Ons leef in ‘n tyd waarin godsdiens en die Here se Godheid bevraagteken word. Daarom is dit belangrik dat ek en jy sal weet wie die Jesus is aan wie ons behoort en van wie ons getuig?

**Tema:** Wat is in ‘n naam?
**Skriflesing:** Johannes 1:29-42

Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Johannes 1:29) Daar is die Lam van God! (Johannes 1:36) In die 16de eeuse skildery van Francisco de Zurbaran met die titel van: “The adoration of the shepherds” word Jesus in die krip, maar ook as die Lam wat geslag gaan word, treffend uitgebeeld.

Daar is meer as een moontlikheid oor wat Johannes presies met die Lam bedoel:

Dit kan die lam van Jesaja 53:7 wees: “Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.”

‘n Ander moontlikheid is die die offerlam wat volgens Eksodus 29:38-42 elke oggend en aand in tempel geoffer is vir die sondes van die volk.

Of miskien die bok of skaap wat op die groot Versoendag die woestyn ingestuur is. (Lev 16)

Daar is ook die triomferende Lam van God waarvan in Openbaring 4 en5 gepraat word.

Daar is nog verwysings na die Lam. Dit maak egter nie saak watter moontlikheid gekies word nie, want die gemeenskaplike in al hierdie gevalle, is die offer wat gebring word.

Ons sonde het enige verhouding met God onmoontlik gemaak. Die offer van die Lam het die mag van die sonde finaal verbreek. Hy het ons sonde kom wegneem en ons verhouding met God herstel.

In Johannes 1:30 gaan Johannes voort met sy beskrywing van Jesus: "Hy is belangriker as ek Ná my kom Iemand wat voor my reeds bestaan het."
In jare is Jesus as mens op aarde 6 maande jonger as sy neef, Johannes. Jesus begin ook na na hom optree.
Waarom sê Johannes dat Jesus belangriker is as hy? Want Jesus is God en Hy was reeds in die begin by God. (Johannes 1:1-2)
As jy dit raaksien, verstaan jy wie Jesus is en wie jy is. Ons is klein, verganklik en veranderlik. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. (Hebreers 13:8)
Hy is baie belangriker as ons belange en behoeftes en die giere en geite van die wêreld.
In Kolossense 3:11 lees ons die volgende: "Hier by ons as nuwe mense is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."
In "die Boodskap" staan daar: "Dit maak nie vir Hom saak of iemand nog altyd 'n kerklidmaat was en of hy eers laat in sy lewe 'n Christen geword het nie. Hy vra nie of iemand kan lees of skryf of waar hy vandaan kom nie. Nog minder vra Hy hoe belangrik iemand in die gemeenskap is en of hy 'n goeie werk het of nie. Al wat God vra, is of Christus in iemand se lewe is. Want al wat regtig in die lewe tel, is net Christus."
Mag dít waar wees van elkeen van ons en van ons as Kraggakamma gemeente.

Die doop is nog 'n manier waarop God die Here aan sy volk bekendstel. Nou weet Johannes en die volk wie Hy is. Johannes het Jesus as mens geken, maar hy het nie Jesus as Seun van God geken nie.
Ons het verlede week gehoor hoe God self Hom bekendstel by sy doop: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matteus 3:17) Nou weet Johannes ook: "Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God." (Johannes 1:34)

Nog 'n keer word Jesus deur God bekendgestel as sy Seun deur die uitstort van die Heilige Gees op Hom. Voor die uitstorting van die Heilige Gees, het die Gees van God net op spesiale persone soos die konings of die profete gekom. Hulle moes daarna dan spesifieke take vir God uitvoer. Deur die krag van die Gees kon hulle dit doen.

Met hierdie besondere doop met die Heilige Gees word Jesus aan ons bekendgestel en sy aanstelling bevestig. Hy is die Lam van God. Hy is die Seun van God wat self met die Gees sal doop. Ons lees in Lukas 11:13: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."
Hy gee die Heilige Gees aan elkeen van ons om ook ons spesiale en spesifieke Goddelike roeping te vervul.

Hy word in die laaste plek ook aan ons bekend gestel as ons Rabbi, ons geestelike leermeester of onderwyser wat die Skrif ken en dit vir ons uitlê.

Andreas word na Johannes die Doper, die eerste getuie vir Jesus. Hy het sy broer Simon Petrus gaan soek en vir hom vertel dat hy die Messias (in die Hebreeus), oftewel Christus (in die Grieks) raakgeloop het. Sy naam "Christus' beteken Gesalfde. Hy is deur God aangewys vir Sy spesiale taak.

Jesus pak nie Sy taak alleen aan nie. Hy kry dissipels om Hom te volg. Om dissipels so te verloor was destyds 'n skande. Dit het beteken dat die persoon wat dissipels afstaan eintlik 'n verloorder is en minder status het as die persoon wat nou gevolg word. Omdat Johannes egter net die wegbereider is, het hy geen probleme as sy volgelinge agter Jesus aanstap nie. Dit is soos dit hoort. Johannes die Doper het sy doel bereik.

Mag ons lewens, woorde, dade en gedagtes, soos die van Johannes die Doper, ook so wegwys van onsself na ware Here.  Mag ons ook Hom ken vir wie Hy is, met sy regte name aanbid en Hom aan die wêreld bekendstel.

Hy is baie belangriker as ons, Dit gaan nie oor ons planne, drome of behoeftes nie, dit gaan alles oor Hom. Hier is Christus alles en in almal.
Daar is die Lam van God wat ons van ons sondes verlos het. Hy is die Seun van God. Hy is God se Gesalfde, wat ook vir ons salf met die Heilige Gees. Hy is ons Leermeester.
Dit is wie Hy is - dit gaan nie oor ons nie - volg Hom!
Amen